## GEDAGTE VIR DIE DAG

**"Wanneer jy moeg word, leer om te rus,
nie op te gee nie"**

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

**NUUSBRIEF 14** **28 JUNIE 2021**

Geagte Ouers

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Soos wat u reeds verneem het, sal die skool eerskomende Woensdag, 30 Junie, om 13:00 vir graad 1 & 2, en 13:30 vir graad 3 – 7 sluit.

Beide laerskole, Midstream Ridge en Midstream College, sal aanlyn skoolgaan tot en met Vrydag, 2 Julie, om 12:00, wanneer ons amptelike skoolvakansie 'n aanvang neem.

Die rapporte sal, soos reeds in die vorige nuusbrief genoem, Vrydag, 2 Julie om 12:00, op die portale en *Edana* toepassing beskikbaar wees.

## INLIGTING

### KLEREWINKELURE

| | |
|---|---|
| Vrydag, 2 Julie | Oop van 07:00 tot 15:00 |
| Saterdag, 3 Julie tot Woensdag, 21 Julie | GESLUIT |
| Donderdag, 22 Julie & Vrydag, 23 Julie | Oop van 08:00 tot 16:00 |
| Maandag, 26 Julie | Oop van 08:00 tot 17:00 |
| Vanaf Dinsdag, 27 Julie | Oop van 07:00 tot 17:00 |

### NASORGSENTRUM VAKANSIEPROGRAM

Neem asseblief kennis, gegewe die aard van die president se aankondiging rakende die sluit van skole, sal daar dus ook geen Nasorg Vakansieprogram wees nie.

Baie dankie vir u ondersteuning die afgelope kwartaal. Geniet 'n welverdiende vakansie en bly asseblief veilig!
Midstream Ridge Groete

**MNR V HARMSE**
**SKOOLHOOF**

## SKOOL HEROPEN DV DINSDAG, 27 JULIE 2021